Beste kliënt,

Vandag deel ons meer inligting oor die *Net 'n druppel*-projek en hoe jy 'n bydrae kan maak tot boere wat steeds die impak van die droogte voel én ons gemeenskappe wat deur die ekonomiese impak van Covid-19 geraak word.

Dit was nog altyd vir GWK belangrik om boere en gemeenskappe waar ons werksaam is, te ondersteun, veral waar daar nood is. Daarom brei ons die *Net 'n druppel*-projek nou uit om verdere ondersteuning te gee aan boere in droogtegebiede én ander behoeftiges in ons bedieningsgebied.

Die projek is 'n voortsetting van die werk wat ons saam met Agri Noord-Kaap doen en ons brei dit uit as een van die bene van Agbiz en Graan SA se nasionale veldtog vir humanitêre verligting tydens die Covid-19-pandemie.

Ons het maklike kanale geskep vir enigeen om tot die projek by te dra met die opsie of jou bydrae moet aangewend word vir boere in nood of behoeftiges in die verskillende gemeenskappe.

Hoe kan jy help?

- **Produsente:** Skenk 'n gedeelte van jou lewering van enige produkte by GWK se fasiliteite
- **Algemene publiek:** Dra finansieel by tot 'n spesiale hulpfondsrekening

'n Inligtingstuk word hierby aangeheg om dié proses vir lewerings deur produsente verder te verduidelik. Die hulpfondsrekening waar publiek bydraes kan maak sal deur die loop van die week gekommunikeer word.

Fondse vir landbouhulp sowel as gemeenskappe sal aangewend word om voedselprodukte beskikbaar te stel deur die GWK-handelstaknetwerk. Dit word in die gemeenskappe versprei met behulp van insette van Agri Noord-Kaap vir droogtehulp en ook vir liefdadigheid- en kerkorganisasies wat ons geïdentifiseer het.

Deur ons almal se druppel kan ons met emmers vol verligting sáám die gemeenskappe ondersteun waar ons werk, leef en ons gesinne grootmaak.

Vir algemene navrae kan 'n e-pos gestuur word aan druppel@gwk.co.za of besoek www.gwk.co.za.

Groete,
***Net 'n druppel*-projekspan**

net 'n druppel

In samewerking met
Agri Noord-Kaap, Graan SA en Agbiz.

GWK
innoveer landbou